

SUID-AFRIKAANSE SEPIES

1. Inleiding

TV-sepie is 'n gewilde visuele programformaat wat dwarsoor die wêreld in verskillende vorme uitgesaai word en vermaak aan miljoene gereelde kykers verskaf. Dit het sy ontstaan gehad in radiodramas wat geborg en vervaardig is deur seepmaatskappye soos Colgate-Palmolive en Lever Brothers – vandaar die woord “soap opera”.¹ 'n Sepie is dus 'n radio- of televisie-reeks wat veral handel oor huishoudelike situasies en word gereeld gekenmerk deur melodrama, ensemble-rolverdeling en sentimentaliteit.

Watter magiese aantrekkingskrag het televisie dat miljoene kykers regoor die wereld daaglik vasgenael na hulle gunstelingprogramme sit en kyk? Hoe skeep televisie genot vir die kyker?

Daar is geen eenvoudige antwoord op hierdie komplekse vrae nie. Hierdie uitdaging vir televisie kon soos volg opgesom word: Dit is 'n intensiewe kreatiewe skepping om 'n spesifieke vorm op so 'n wyse te manipuleer dat die resultaat genoegsaam verenigbaar is met kulturele verwagtings, sodat dit interpreteerbaar is terwyl dit tegelykertyd voldoende innoverend en interessant is.

Die sukses van die televisieteks hang grootliks af van die wyse waarop die wesenselemente van die teks geskep en volgens bepaalde konvensies gekombineer word.²

Daar is 'n paar belangrike elemente wat uitstaan in TV-sepie: Eerstens is daar 'n gevestigde groep karakters en die unieke wêreld. Dit sentreer rondom 'n besigheid (of besighede) en die families (of werknemers/kopers) daaraan verbonde. Tweedens is daar saam met die besighede ander bymekaarkomplekke, soos restaurante, klubs en die hoofkarakters se wonings. Al die werk- en leefruimtes skeep die milieu waarbinne die karakters daaglik ontmoet. Uiteindelik spreek hierdie reekse 'n onweerstaanbare kombinasie van maatskaplike knelpunte en sterk kulturele beginsels aan.

Die karakters is gewoonlik (of dikwels) lang mans met broeiende donker oë of kykers wat so skandalig blou is dat dit eintlik onwettig behoort te wees. Vreeslose helde in die stil sterk tradisie en skone heldinne in onbekostigbare ontwerpersklere en op sulke hemelhoë polvyerondtrippe dat mens skoon hoogtevrees kry. Daar is familiedramas, moord, verraad, rugstekery, afluistery en menige verborge agenda. Jy kan net mooi niemand in 'n sepie vertrou nie. Niemand nie. Selfs die held het dikwels moord in sy hart.

Van voorspelbaarheid is daar geen sprake nie. Talle episodes eindig met 'n sogenaamde cliffhanger. Daar word om elke hoek en draai gekonkel, gemanipuleer en met koppe gesmokkel. Wraak is 'n edel motief. Daar word eintlik van die karakter(s) verwag om wraak te neem. Dis 'n plig.

En dan is daar die immer ontwykende en plofbare romanse tussen die hoofkarakters wie se liefde oënskynlik gedoem is. En die skurk se gevaarlike obsessiewe liefde.³

2. Globalisering en Afrikaanse sepies

Hoe raak die globaliseringsproses Suid-Afrikane en veral die Afrikaanssprekende televisiekyker? Die globale kommunikasienetwerke bied daaglik aan die moderne mens nuwe en wyer keuses ten opsigte van kommunikasietegnologieë en media-inhoud. Teen die jaar 2001 bied die DStv spyskaart alleen reeds 52 kanale aan Suid-Afrikaanse kykers, teenoor die beperkte aanbod van drie SABC kanale en M-Net 'n dekade of wat gelede.

Die Afrikaanssprekende beweeg dus grootliks uit die tradisionele Afrikaanse gemaksones in die wêreld van globale televisie. Voeg daarby die feit dat meer as 320 000 Afrikaanse huishoudings reeds oor een of meer persoonlike kompers beskik – dit is duidelik dat Afrikaanssprekendes toenemend deel word van die globale inligtingsrevolusie.

Egoli, Konings, 7 de Laan, Days of our Lives en *The Bold and the Beautiful* vind waarskynlik byval by kykers omdat dit die dag tot dag magspel en emosionele intriges in 'n kultureel herkenbare formaat aanbied en so aan kykers genot en ontvlugting bied.

Die **tema** van *Egoli* spreek maatskaplike aangeleenthede aan deur interaksie van karakters uit verskillende kultuurgroepe. Die sepie spreek die **emosies**, vrese en verwagtinge van die verskillende kultuurgroepe in die land rondom die onttroning van apartheid aan. Isidingo verken die lewens van die Horizon Deep-goudmyngemeenskap en fokus op die **pogings** van die gemeenskap om die uitdagings van 'n veranderende Suid-Afrika die hoof te bied. In die proses word maatskaplike kwessies soos misdad en VIGS ook aangespreek.

Sepies bied die herkenbare **werklikheid** aan 'n veelvoud van kykergroepe aan. Kykers **projekteer** hulle emosies in die sepies en deel in die liefde, haat, mag en **konflik** wat die belangrikste tematiese elemente vorm.

Sepies reflekteer egter nie noodwendig die **waardestelsel** en opvattinge van alle mense in die gemeenskap nie. Diegene in die Suid-Afrikaanse samelewing wat byvoorbeeld weerstandig is teen die maatskaplike veranderinge wat in Suid-Afrika plaasvind, mag in konflik staan met die **subliminale** waardes wat *Egoli* en *Isidingo* reflekteer. Verder toon sepies soos *Egoli*, *Loving* en *Days of our Lives* min **respek** vir die huwelik en is dikwels behep met 'n oordrewe sug na materiële welvaart en mag – temas soos losbandigheid, vrouens se wraakpogings deur verhoudings met ander mans **aan te knoop**, en die uiterstes waartoe families gaan om mag te behou, is voorbeelde hiervan.⁴

TV-sepies het dus 'n lang geskiedenis en is hier om te bly. Wat is jou **gunsteling**?

-o0o-

Die artikel is uittreksels uit en verwerkings van die bronne wat in die volgende eindnotas aangetoon word:

¹ Pretorius, L. 2012. TV-sepies. Allesbehalwe vuil wasgoed. In *Die Afrikaanse skryfgids*. Saamgestel deur Riana Scheepes en Leti Kleyn. Johannesburg: Penguin Uitgewers. Bl 247–52.

² Grobler, J.M. 2001. 'n Ondersoek van Afrikaanssprekendes se behoeftes aan Afrikaanse televisieprogramme – 'n gevallestudie. Meestersgraad-verhandeling, UNISA. (Bl 34).

³ Van der Spuy C. 2020. Oorgeklankte Turkse TV-reekse verower die wêreld.

<https://www.litnet.co.za/oorgeklankte-turkse-tv-reekse-verower-die-wereld/>

⁴ Grobler 2001:40.

-o0o-

(Geredigeer deur Marianne Strydom)



Klik op bostaande prent om te sien watter blokkiesraaisels reeds op LitNet gelai is.